# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
## *SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN*

**OCTOBER / NOVEMBER**
***OKTOBER / NOVEMBER***

**2004**

**AFRIKAANS**
**ADDISIONELE TAAL**

**(Eerste Vraestel: Leesbegrip, Opsomming, Funksionele Taalvaardigheid)**

SG **102-2/1**

*9 bladsye*

AFRIKAANS TWEEDE TAAL SG: Vraestel 1

102 2 1 SG

COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU*
APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI*

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL SG**
**(Eerste Vraestel: Leesbegrip, Opsomming, Funksionele Taalvaardigheid)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

---

**INSTRUKSIES:**

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
- Beantwoord AL die vrae.
- Volg die instruksies boaan elke afdeling.
- Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
- Nommer elke vraag in die MIDDEL van die bladsy.
- Skryf netjies en leesbaar.

---

## AFDELING A
## LEESBEGRIP

### VRAAG 1
### TYDSKRIFARTIKEL

Lees die volgende TYDSKRIFARTIKEL versigtig deur.

**Die storie van Happy Sindane**

1. Die vrou wat 'n seun twaalf jaar gelede ontvoer het en na KwaMhlanga, noord van Pretoria gevat het, het die mense vertel dat sy ma toestemming gegee het. Ander mense het geglo hy het 'n wit pa. Happy was omtrent ses jaar oud toe sy ouers se huishulp hom op pad na die kafee by kontrakwerkers gelos het.

2. Volgens Happy het hy drie dae by hulle in Johannesburg gebly, voordat me. Betty Sindane en haar vriend, mnr. Tom Banda hom na 'n polisiekantoor geneem het. Hy het gevra om na die Sindanes toe te gaan. Betty is omtrent drie jaar gelede dood. Happy en "sy" broers en susters moes vir hulleself sorg. Later het hulle besluit om na hulle oupa te trek.

3. Happy het hoofsaaklik vee opgepas en skoolgegaan by Khuthalani Primêr. Hy kon net Ndebele praat en het gesukkel met die Engels. Sy onderwysers sê hy was 'n skaam kind wat soms ongelukkig was, maar het probeer inpas. Hy het sy blonde hare gesny sodat hy meer soos sy maats kon lyk. By die skool het hy graag in die tuin gehelp of elektroniese apparaat reggemaak. Hy het ook gehou van visvang. Toe hy uit die skool is, het hy los werkies gedoen as tuinier en by 'n winkel in en rondom Pretoria en KwaMhlanga gewerk.

4. Me. Sarie Botha van Danville in Pretoria sê hy lyk soos haar seun, Jannie, wat Maart 1992 weggeraak het. Jannie was toe in Graad een by Danville Laerskool. Vriende van die Bothas sê dat Happy net soos Jannie lyk. Net DNA-toetse sal kan sê wie hy regtig is.

**[Verwerk uit: *Beeld;* 21 Mei 2003]**

**VRAE**:

- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.
- Gee SLEGS die ANTWOORD.
- Jy hoef NIE die vrae in VOLSINNE te beantwoord NIE.

1.1 Waarnatoe is Happy ontvoer? Skryf net die naam van die plek neer. (1)

1.2 Watter TWEE dinge het die mense oor Happy geglo? (2)

1.3 Hoe oud was Happy toe hy ontvoer is? (1)

1.4 Watter TWEE persone het Happy na die polisie geneem? (2)

1.5 Gee EEN SINSDEEL om te sê hoe dit gebeur het dat hy by die Sindanes gaan bly het. (1)

1.6 Wanneer het Happy en sy familie gesukkel? (1)

1.7 Watter werk het Happy hoofsaaklik gedoen? (1)

1.8 Watter TWEE probleme het Happy op skool gehad? (2)

1.9 Hoe beskryf Happy se onderwysers hom? (2)

1.10 Watter kleur hare het Happy gehad? (1)

1.11 Hoekom het Happy sy hare gesny? (1)

1.12 Met watter TWEE dinge het hy by die skool gehelp? (2)

1.13 Wat het Happy in sy vrye tyd gedoen wanneer hy nie by die skool was nie? (1)

1.14 Wat het hy gedoen toe hy uit die skool is? (2)

1.15 Wie sê dat Happy hulle kind is? (1)

1.16 Wat sê hulle vriende? (1)

1.17 Hoe gaan ons weet wie se kind Happy is? (1)
**[23]**

## VRAAG 2
## ADVERTENSIE

- Begin die vraag op 'n NUWE bladsy.
- Lees die volgende ADVERTENSIE versigtig deur.

***Fantastiese Franchise geleentheid!***

Maak kinders se sukses jou besigheid

Die wêreld se beste Wiskundeprogram:
- 40 jaar se sukses.
- 2,5 miljoen studente in die wêreld.
- 150 studiesentrums in Suid-Afrika.

Help kinders beter presteer:
- Motiveer kinders.
- Gee liefde vir Wiskunde.

Om 'n studiesentrum te begin, moet jy:
- Daarvan hou om met kinders te werk.
- Goed kan kommunikeer.

Vir meer inligting, skakel Andrew Petrou by (011) 788 4303

***KUMON***

**(Verwerk uit: *Rapport-Tydskrif*)**

**VRAE**:

- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.
- Gee SLEGS die ANTWOORD.
- Jy hoef NIE die vrae in VOLSINNE te beantwoord NIE.

2.1 Hoe weet ons dit is die wêreld se beste Wiskundeprogram? Noem DRIE redes. (3)


2.2 Wat laat kinders beter presteer in Wiskunde? Gee TWEE APARTE WOORDE. (2)

2.3 Noem TWEE voorwaardes vir 'n Kumon-wiskundesentrum. (2)
**[7]**

## VRAAG 3
## STROKIESPRENT

- Begin die vraag op 'n NUWE bladsy.
- Lees die volgende STROKIESPRENT versigtig deur.

**Ben, Babsie & familie deur Keith en Lorna Stevens**




(Verwerk uit: *Rapport Tydskrif* – 20 Julie 2001)

**VRAE**:

- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.
- Gee SLEGS die ANTWOORD.
- Jy hoef NIE die vrae in VOLSINNE te beantwoord NIE.

3.1 Watter DRIE dinge doen Petoors se vriend? (3)
3.2 Wat het met Petoors se vriend gebeur? (2)
**[5]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [35]**

## AFDELING B
## OPSOMMING
## VRAAG 4

Begin die vraag op 'n NUWE bladsy.
Lees eers die volgende INSTRUKSIES versigtig deur.

- Lees die vyf paragrafies (4.1 – 4.5) versigtig deur.
- Soek TWEE hoofgedagtes uit elkeen van die paragrafies van 4.1 – 4.5.
- Skryf elke hoofgedagte in jou eie APARTE volsin neer.
- Skryf jou TIEN sinne PUNTSGEWYS onder mekaar neer.
- Jou sinne moet altesaam nie langer as 110 woorde wees nie.
- Onthou om die getal woorde aan te dui aan die einde van die opsomming.
- Jy sal gepenaliseer word as jy meer as 110 woorde skryf of as jy nie die getal woorde aandui nie.

### Jy sal jou nooit verveel by Pretoria Kollege nie!

4.1 Hoekom sê ons so? By Pretoria Kollege mag jy nie leeglê nie! Jy moet hard werk! Jy kan dadelik begin werk en geld verdien. Hier help ons jou om op jou eie voete te staan. Ons noem dit Beroepsonderrig.

4.2 Beroepsonderrig beteken dat ons jou alles leer wat jy moet weet vir jou beroep. Dit beteken dat jy beter as ander kandidate is. Ons gee jou akademiese kennis, maar ook praktiese ervaring. Jy kan sê dat jy jou eie baas is! Jy weet alles wat nodig is.

4.3 Ons bied baie verskillende kursusse aan. Van Matriek tot skoonheid en kosmaakkursusse. Regte mense kom by jou koop en so verdien jy geld. Jy kry kennis van al die aspekte van sake. Jy weet wat om te doen en hoe om jou geld te gebruik.

4.4 Jy kan by die Elite-klub aansluit. Dis net vir studente wat hard werk. As jy 60% in jou vakke kry en 90% klasse bywoon, kan jy aansluit. Daar leer ons jou vaardighede soos CV opstel, en om 'n werk te kry.

4.5 Ons kan almal akkommodeer. Jy kan op verskillende maniere klas loop by die Kollege. Daar is afstandsonderrig vir die mense wat alreeds 'n werk het. Daar is ook kontaksessies op Saterdae en na werk. Jy kan ook voltyds klas loop Jy kan kies wat jou pas.

**[Verwerk Uit: *JIP*, 25 Oktober 2000]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [10]**

## AFDELING C
## FUNKSIONELE TAALVAARDIGHEID

- Begin jou antwoord op 'n NUWE bladsy.
- Voer die opdragte korrek uit.
- Die woorde wat in **HOOFLETTERS** gedruk is, is jou leidrade.

### VRAAG 5

5.1 Voltooi die volgende paragrawe soos aangedui. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

### PRIKKEL JOU KIND SE LEESLUS

Dit 5. 1. 1 (**KORREKTE WOORD**: bedoel; beteken) ________ 5.1.2 (baie – **ANTONIEM**) _________ vir ouers as kinders **HULLE** 5.1.3 (**KORREKTE WOORD**: neus) _________ vir spinasie optrek, maar **OM** jou neus 5.1.4 (**VUL WOORD IN**) ________ **'n boek op** 5.1.5 (**VUL WOORD IN**) ________ trek? Kinders weet beslis **NIE** wat hulle mis 5.1.6 (**VUL WOORD IN**) _______ . 'n 5.1.7 (Baie nuut – **EEN WOORD**) ________ boek met 'n 5.1.8 (**KORREKTE VORM**: prikkel) ________ **BUITEBLAD** en 'n 5.1.9 (**KORREKTE VORM**: goud) _________ **PLAKKER** 5.1.10 (**KORREKTE WOORD**: wat; wie) aandui die boek **HET** die 5.1.11 ($1^{ste}$ – **SKRYF VOLUIT**) ________ prys in 'n jeugwedstryd 5.1.12 **(KORREKTE VORM:** wen) _________! Kinders 5.1.13 (**KORREKTE WOORD:** moet; moed) ___________ nog baie leer. 5.1.14 (Prof. – **SKRYF UIT**) _____________ Marita Snyman sê **DIE** 5.1.15 (**KORREKTE VORM**: baie) _________ **KLEIN** 5.1.16 (**KORREKTE VORM**: kinders) _________ lees skaars 'n 5.1.17 (**EEN WOORD**: kind + boek). Sy is 'n bekende 5.1.18 (vrou wat boeke skryf – **EEN WOORD**) ________ . Die manier 5.1.19 (**KORREKTE VORM**: wat + op) _______ lees in **BAIE** 5.1.20 (**KORREKTE VORM**: skool) _________ aangebied word, sorg dat kinders 'n 5.1.21 (hou nie van nie – **EEN WOORD**) ________ vir lees ontwikkel.

"**HOE** 5.1.22 (**KORREKTE VORM**: goed) _________ die boeke, **HOE** 5.1.23 (**KORREKTE VORM**: slim) ________ die kinders," so glo ouers.

Hoe voel jy as 'n 5.1.24 (17-jarige : **SKRYF VOLUIT**) ___________ ?

(24 ÷ ½ = 12)

[*Verwerk* en *aangepas uit: Rooi Rose – Januarie 2003* ]

5.2 Lees eers die sin/sinne in die blokke. Skryf daarna die sinne oor soos aangedui sonder om die betekenis te verander. Skryf elke keer die hele sin uit en onderstreep die gedeeltes wat jy invul.

**VOLWASSENES HAAL DIE LEKKERTE UIT LEES**

5.2.1 " My kinders hou van lees. Ek kies die boeke," sê Marita.

Marita sê **DAT** ______________ (2) en **DAT** __________________ (2).

5.2.2 Min mense lees reeksboeke.

**REEKSBOEKE** _______________________ ( 3 ).

5.2.3 Biblioteke koop nie meer reeksboeke nie.

_____________ ( 1 ), ____________ ( 1 ) biblioteke nie meer reeksboeke nie?
**Antwoord: GELD IS TE MIN**.

5.2.4 Kinders moet hulle eie boeke kies. Hulle lees hulle ouers se keuse.

Kinders **BEHOORT** ___________ (1), hulle **HOEF NIE** _________ ( 2 ).

5.2.5 Ouers en onderwysers hou van Harry Potter-boeke. Hulle verkoop dit weer.

Ouers en onderwysers **HET** ____________ ( 1 ), en hulle **HET** ___________ ( 1 ).

5.2.6 Reeksboeke het swak taalgebruik en slegte karakters.

Reeksboeke het **SOWEL** ________________________ ( 1 ).

5.2.7 Kundiges maak dit moeilik.

Kundiges maak dit **NIE** ______________ ( 2 ).

5.2.8 Dit slaag nie net nie. Dit kan ook kinders meer laat lees.

**NIE ALLEEN** ____________ ( 2 ), _____________ ( 1 ) kinders meer laat lees.

5.2.9 Ouers praat oor boeke. Kinders lees meer.

Ouers praat oor boeke, **DUS** _____________ ( 1 ) meer.

5.2.10 Marita sê dat sy ook 'n kind was.

Marita sê: "__________________" (2).

(23)

**TOTAAL VIR AFDELING C: [35]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**